

PROTEÏENLEKKE

VOERMOL DUNDEE LEKKONSENTRAAT

Klas: Proteïen- en Spoormineraalkonsentraat vir Beeste

VOERMOL DUNDEE LEKKONSENTRAAT is 'n lekkonsentraat vir die tuismeng van veelekke:

- moet met sout en ander bestanddele gemeng word om 'n onderhoudslek of produksielek te gee;
- is hoogs gekonsentreerd wat vervoerkostes verlaag;
- bevat 'n hoë vlak van melasse wat help om “droëgalsiekte” te voorkom a.g.v. die hoë kaliuminhoud van melasse wat matig lakserend is;
- verskaf spoorelemente waarvan daar 'n gebrek in veldweiding mag wees. Verder is die spoorminerale ook noodsaaklik vir optimum eetlus en vrugbaarheid.



SAMESTELLING VAN VOERMOL DUNDEE LEKKONSENTRAAT

REG NR V10737 (Wet 36/1947) N-FF 0549

		(g/kg)			(mg/kg)
Ruproteïen*	(min)	820	Mangaan		320
Ureum	(maks)	272	Koper		150
Ruvesel	(maks)	100	Kobalt		6
Vog	(maks)	160	Yster		500
			Jodium		40
			Sink		400
			Selenium		3.8
			Vitamien A (IE/kg)		25 650

*95.2 % afkomstig vanaf NPN

Verpakking – 50 kg

Sien ureumwaarskuwing

MENG- EN VOEDINGSINSTRUKSIES

Die tabel wat volg gee verskeie aanwendingsopsies vir **Voermol Dundee Lekkonsentraat**. Vir verdere aanbevelings kontak asseblief u naaste **Voermol** Agent of Tegnieuse Bestuurder.

L.W. Moet nie ongemeng voer nie.



VOERMOL

AANBEVELING

- Mengsel 1:** Hierdie onderhoudslek is hoogs gekonsentreerd. Voer dus slegs aan beeste waar daar volop droë weiding beskikbaar is. Waak teen te hoë inname wanneer daar nie voldoende weiding is nie.
- Mengsel 2:** Voer slegs aan beeste waar daar voldoende droë weiding beskikbaar is.
- Mengsel 3:** Hierdie onderhoudslek is geskik vir lakterende koeie en verse op droë weiding. Hierdie onderhoudslek is hoog in fosfor.
- Mengsel 4:** Hierdie produksielek is van hoë gehalte en is geskik vir jong groeiende diere op droë weiding.
- Mengsel 5:** Produksielek vir lakterende koeie.
- Sout:** Gebruik 'n Graad 2 of beter. Die sout moet nie te grof wees nie. Hoe fyner die sout, hoe beter beheer die sout lekinname.

MENGINSTRUKSIES (kg)					
	Onderhoud			Produksie	
	1	2	3	4	5
Voermol Dundee Lekkonsentraat	400	250	300	200	250
Voermol Procon 33	–	–	50	100	–
Voermol Rumevite 12P	–	–	50	50	50
Mieliemeel	–	100	100	400	550
Sout	250	150	250	150	150
Totaal	650	500	750	900	1 000
SAMESTELLING (g/kg)					
Ruproteïen (min)	505	427	363	250	251
Ureum (maks)	167	136	109	60	68
Kalsium (maks)	3	3	19	15	14
Fosfor (min)	1.2	1.5	9.6	9	7.8
Energie (MJ ME/kg)	–	–	–	7.9	7.9
% Proteïen vanaf NPN	95.3	91.5	86	66.6	77.7
AANBEVOLE INNAME (g/dier/dag)					
Beeste	300 - 470	355 - 470	450 - 600	1 550 - 1 750	1 520 - 1 750



VOERMOL

LEKMENGSELS MET VOERMOL DUNDEE LEKKONSENTRAAT MET ADDISIONELE FOSFOR (P)

Onder seker toestande word meer fosfor in 'n proteïenlek benodig. Soos vir jong groeiende diere, lakterende koeie en onder toestande waar fosfor gebrekkig is.

Onderstaande tabel gee menginstruksies vir onderhoudslekkte met 'n hoë P-inhoud.

MENGINSTRUKSIES (kg)					
	Onderhoudslek			Produksielek	
	1	2	3	4	5
Voermol Dundee Lekkonsentraat	400	250	300	200	250
Voermol Procon 33	–	–	50	100	–
Voermol Rumevite 12P	100	50	50	50	50
Mieliemeel	–	100	200	400	550
Sout	200	150	200	150	150
Totaal	700	550	800	900	1 000
SAMESTELLING (g/kg)					
Ruproteïen (min)	465	385	350	250	250
Ureum (maks)	156	124	102	60	68
Kalsium (maks)	25.5	16.6	13	15	14
Fosfor (min)	18.3	12.3	9.4	9	7.8
Energie (MJ ME/kg)	-	-	-	8.1	8.4
% Proteïen vanaf NPN	93	89.2	81.5	66.6	78
AANBEVOLE INNAME (g/dier/dag)					
Beeste	350 - 470	400 - 570	450 - 600	1550-1750	1520-1750

AANBEVELINGS

Mengsel 1: Voer slegs aan beeste waar daar volop droë weiding beskikbaar is. Waak teen te hoë lekinname wanneer daar te min weiding beskikbaar is of as koeie begin kalf. Onder sulke toestande behoort die lek verander te word.

Mengsel 2: Voer aan beeste as proteïen aanvulling waar daar voldoende droë weiding beskikbaar is.

Mengsel 3: Hierdie lekmengsel bevat natuurlike proteïen en is geskik as proteïenlek vir lakterende koeie in goeie kondisie en jong groeiende diere.

Mengsel 4: Hierdie produksielekmengsel is van hoë gehalte en geskik vir jong groeiende diere op droë weiding.

Mengsel 5: Produksielek vir lakterende koeie op droë weiding.



VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voerinnamte voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL